e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

24 Julie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 23

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

NHSV – meer as 74 jaar van genade

Ons is Saterdag met hoop in ons motors en in vliegtuie terug na ons huise en gemeentes. Met groot dankbaarheid kyk die NHSV terug op 'n sielsverrykende en positiewe 47ste Nasionale Kongres.

'n Pragtige deel is vir my afgemeet (Ps 16), was die tema wat deur inspirerende sprekers behandel is. Dr Wim Dreyer, erepresident van die NHSV, het die Kongres op 'n besonderse manier geopen. Die voorsitter, mev Tessa Coetzer, het 'n uitstekende voorsittersrede gelewer wat almal teenwoordig opnuut van haar passie vir die Kerk en die NHSV verseker het.

Met groot nederigheid en in dankbaarheid het die NHSV erkenning verleen aan mev Marita Fourie deur aan haar erelidmaatskap vir jarelange diens en leierskap in die NHSV toe te ken. Ons het Vrydag op 'n wonderlike reis saam met haar afgeskop. Op haar unieke en netjiese manier het sy in kort die geskiedenis van die NHSV weergegee met haar praatjie *NHSV 75: 'n Kosbare pêrel.*

Verskeie prakties uitvoerbare beskrywingspunte is deur die kongresgangers bespreek en aanvaar. Beskrywingspunte soos *Onderlinge ondersteuning aan NHSV takke in 'n streek; Veranderende behoeftes by Monumenttehuise;* en *Ondersteuning aan predikantspare, emeriti en predikante-weduwees* het reeds tydens die Kongres vrugte afgewerp met afgevaardigdes wat na mekaar uitgereik en hulp aangebied het. Beskrywingspunte is altyd relevant en roep die NHSV dames telkens op om 'n verskil te maak in gemeentes en gemeenskappe. Die twee beskrywingspunte wat NHSV takke opgeroep het om betrokke te raak op plaaslike en nasionale vlak was die kommer oor *Dwelms onder die jeug* en *Mishandeling van vroue en kinders*. Verskeie aksieplanne is voorgestel wat in die volgende drie jaar ten uitvoer gebring sal word.

Stoei met die gorilla… dis die moeite werd, aangebied deur mev Elmien Botha, het ons harte geraak en ons gemotiveer om dit wat ons lewens van elke dag uitmaak – goed of sleg – met geloof en dankbaarheid aan te pak en om in alles God se hand raak te sien.

Die bespreking ingelei deur dr Wim Dreyer oor die NHSV se toekomsdrome het ons opnuut bewus gemaak van die Kerk se ondersteuning en dankbaarheid teenoor die NHSV. Ons is opnuut verseker van die pad wat die Kerk en die NHSV in die toekoms gaan stap.

Vrydagaand het 'n sprankelende ds Liesel Krause-Wiid met die tema *Wanneer woorde ontbreek…* Christenvroue bemagtig om persone in nood te help, te ondersteun en om trauma beter te hanteer. Die kongresgangers is begeesterd weggestuur deur prof Stephan Joubert se boodskap van hoop in 'n soms hopelose wêreld. *Hoop is 'n werkwoord* het aan elke individu en die NHSV 'n geloofsopdrag gegee om te gaan versprei.

Ons is dankbaar teenoor oudl Andries Pretorius en ds Gerhard Stoltz wat met hul insette opnuut die goeie werksverhouding tussen die NHSV en die diakens bevestig het.

Die NHSV wil steeds 'n seën wees waar sy in die Kerk haar diensbaarheid uit dankbaarheid teenoor die drie-enige God uitleef. Die gemeenskap van geloof binne die NHSV is 'n pragtige deel wat vir ons as vrouelidmate binne die Kerk, deur die genade van God, afgemeet is. Met hierdie sekerheid sien ons uit na die toekoms en gaan ons met hoop binne ons gemeentes, in ons Kerk en in ons wêreld werk en leef.

Mev Annali Venter
Sekretaris NHSV Hoofbestuur

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Etienne Fourie**, subredakteur, skryf soos volg: "As veteraan van 11 Algemene Kerkvergaderings (AKV's), het ek vanjaar vir die heel eerste keer 'n **NHSV Nasionale Kongres** bygewoon. 'n Paar **indrukke**:
  - Daar is baie ooreenkomste tussen 'n AKV en 'n Kongres: die gewydheid en waardigheid van die opening; die heerlike samesang; die toekenning van eerbewyse; die opstel van die podia op die verhoog; die sprekers wat die mikrofone skud om te kyk of dit werk; die gesukkel om na 'n ete/teepouse almal weer in en aan die gang te kry.
  - Maar daar is ook verskille: By 'n AKV gaan dit oor die besigheid van die AKV, die Kongres is veel meer van 'n belewenis met oulike items wat die werkdele afwissel; die AKV se Agenda is so dik soos 'n Bybel en bevat, nes die Bybel, onder andere ook moeilike gedeeltes, gedeeltes wat vertel van stryd en twis en hartseer. Die Kongresboek is soos die Nuwe Testament en Psalms, dunner en ook sagter, meer weerspieëlend van omgee, barmhartig wees. By die AKV kry 'n mens 'n steriele lêer en 'n pen, die Kongresgangers het elk 'n *goodie bag* gekry.
  - En dan is daar 'n paar partikuliere verskille: Die blommerangskikkings en versiering van die saal en teedrinkplek is 'n kwantumverskil beter by die Kongres. Daar word nie handsakke verkoop by 'n AKV nie. Die Hoofbestuur is baie sagter op die oog as die Moderamen, en laaste maar nie die minste nie: die afgevaardigdes na die AKV het nie elk 'n gehekelde tulband ontvang wat hulle tydens die laaste sittingsdag moes dra nie..."

- **ALGEMENE DIAKENSVERGADERING (ADV).** Baie dankie aan al die gemeentes wat hul **armoedevraelyste** teruggestuur het. Daar is egter nog heelwat gemeentes s'n uitstaande. Ons vra vriendelik dat daardie vraelyste so spoedig moontlik aan die ADV-kantoor gestuur word, na **diens@diakens.co.za** of faks 086 610 6858.

- **ADV.** Tydens die pas afgelope NHSV Kongres het die saak van **dwelmverslawing onder kinders** weer op die voorgrond gekom. Die erns hiervan mag nooit onderskat word nie. Die diakens en die NHSV wil graag op hierdie terrein saamwerk, maar ons het die hulp van kenners in die Kerk baie nodig. Enigiemand wat 'n bydrae op hierdie terrein kan lewer en wat graag wil help, hetsy voorkomend of reaktief, moet asseblief met ds Gerhard Stoltz, sekretaris van die ADV, kontak maak by **gerhard@diakens.co.za** of 012 322 8885 x221.

- **FINANSIËLE HULP AAN RUSTENBURG**
  - Gemeentes kan bydra tot die Kerk se **Rampfonds** (Raad van Finansies, ABSA Bosmanstraat, tjekrekening 020 000 287, verwysing 16RAMP + donateur se naam).
  - Individue kan bydra tot Projek 21, ABSA, takkode 632005, tjekrekening 407 119 9298; vermeld asseblief jou naam en van op die oorbetaling.
  - Jy kan ook R20 skenk deur **RUST en jou naam** te SMS na 40156.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Let op enige liggaamlike of geestelike veranderings of afwykings in die bejaardes in jou familie, vriendekring, gemeente en gemeenskap. Vroegtydige hulp en bystand kan betyds 'n groot verskil maak. Sodoende word voorkoming eerder as onnodige swaarkry en lyding die prioriteit in ons barmhartigheidsdiens. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **PROJEK 21 SE TOOI TURKOOIS VIR BEJAARDES**. By die pas afgelope NHSV Kongres het verteenwoordigers van 14 takke aangedui dat hulle in 2015 aan die

projek vir bewusmaking en fondsinsameling vir bejaardes wil deelneem. Alhoewel dit nog ver klink, is dit raadsaam om nou reeds te begin beplan. Indien daar nog NHSV takke, diakonieë of gemeentes is wat wil deelneem, moet hulle so gou moontlik kontak maak met Magda van Deventer by **tooiturkoois@gmail.com** of 082 579 6966. Meer inligting oor die projek is ook beskikbaar by die webtuiste **www.goturquoise.co.za**.

- **TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDS.** Die AKV het besluit dat die **deurkollektes van Sondae 27 Julie en 3 Augustus** aan die Teologiese Opleidingsfonds afgestaan word. Gemeentes betaal dan die deurkollektes oor in die Fonds se rekening by ABSA: Teologiese Opleidingsfonds, rekeningnommer 404 863 2649.

- **September is Bloedskenkmaand** en ons wil graag soveel Hervormers moontlik daarby betrek. Dit sal interessant wees om uit te vind watter predikant, manlike lidmaat en vroulike lidmaat in die Nederduitsch Hervormde Kerk al die meeste eenhede bloed geskenk het. Stuur asseblief 'n e-pos met BLOEDSKENK in die Onderwerpreël aan **egf@global.co.za** en gee jou naam, hoeveel eenhede jy al geskenk het en in watter een van die gemelde drie kategorieë jy val. Wie weet, miskien kan daar 'n prys gewen word!

- **HULP AAN GEMEENTE IN BULAWAYO.** Persone wat die gemeente finansieel wil ondersteun, kan ds Theuns Botha kontak by **camelhors@gmail.com**. Inbetalings kan gedoen word by ABSA, rekening Raad van Finansies, rekeningnommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing 16BULA + naam (bv 16BULA Wapadrant). Gemeentes moet asseblief NET die gemeentenaam of individu se voorletters en van intik. Betalingsbewyse kan gestuur word na ds Theuns Botha by e-posadres **camelhors@gmail.com**. U kan ook aansluit by hul "Facebookblad-lidmate" by
https://www.facebook.com/pages/Afrikaanse-Samewerkende-Kerke-BulawayoDutch-Reformed-Churches/137302096362582

- **Lees in Augustus 2014 se kerklike publikasies:**
  - ***Konteks***
    Hoe lyk geloofsmartelaarskap vandag?
    Kosbare briewe uit Batavia in die Kerkargief
    Maak kennis met die ring van Brakpan
  - ***Die Hervormer***
    So bly ons staande in 'n deurmekaar wêreld
    Waarom soveel aggressie en geweld in gesinne?
    Werksverlies uit 'n vrou se perspektief

- **HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**
  Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van **Hoof van die HTK** wat gesetel is aan die Universiteit van Pretoria. Die pos moet gevul word vanaf 2015.
  Van die Hoof van die HTK sal onder andere die volgende verwag word:
  - Praktykvorming van teologiestudente met die oog op gemeentelike bediening in die NHKA.
  - Ontwikkeling van 'n toepaslike kurrikulum vir die HTK ten opsigte van praktykvorming.
  - Ontwikkeling van toepaslike kursusmateriaal vir gemeentes en predikante.
  - Toerusting van ampsdraers en lidmate.
  - Fasilitering van bepaalde prosesse in gemeentes.
  - Ontwikkeling van bedieningsvaardighede van predikante.
  - Ontwikkeling van leierskapsvaardighede.
  - Skakeling met soortgelyke kolleges en opleidingsentra in die binne- en buiteland.
  - Oorhoofse bestuur van die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* in samewerking met die redakteur en redaksie.

  Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:
  - 'n Geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Oor 'n Doktorsgraad in die teologie beskik.

- ’n PhD in Praktiese Teologie en ’n kwalifikasie in Bestuurswetenskap sal aanbevelings wees.
- Moet gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings handhaaf en teologiestudente pastoraal kan begelei.
- Op die hoogte wees van die huidige teologiese diskoers en daaraan kan deelneem.
- Rekenaarvaardig wees.

Aansoekers moet die volgende dokumente indien:

- Volledige CV.
- Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies.
- Name en kontakbesonderhede van twee referente.
- ’n Selfevaluering van hoogstens een bladsy.
- ’n Visie vir die uitbou van die HTK. Inligting oor die HTK is beskikbaar by **piet@nhk.co.za**.

Van kandidate mag verwag word om ’n MBTI-vraelys te voltooi.

Die pos bied die volgende voordele:

- ’n Kontrakaanstelling vir 5 jaar.
- Traktement in lyn met die Kerk se skale.
- Behuisingstoelaag.
- Verlof soos per verlofreglement van predikante in die Kerkorde (langverlof is nie van toepassing op hierdie pos nie).
- Motortoelaag.

Aansoeke moet **voor of op 31 Julie 2014** ingedien word by mnr Piet Beukes, per faks by 086 630 5150 of per e-pos by **piet@nhk.co.za**.

- **HALFDAG SEKRETARIËLE POS: GEMEENTE NABOOMSPRUIT**
  - Volledig Afrikaans en Engels magtig
  - Akkuraat en georganiseerd
  - Vriendelik, eerlik en betroubaar
  - Rekenaarvaardig
  - Goeie administratiewe vaardighede
  - Koördinering van funksies vorm deel van die pos
  - Ondervinding sterk aanbeveel

  Handig aansoeke in by die gemeentelike kerkkantoor
  of e-pos aansoek met CV na **nhknbs@telkomsa.net**
  Navrae: 014 743 1325

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 27 Julie: Gemeente Klerksdorp-Suid**
  Bevestiging van ds Denise Schmidt
  Dr André Ungerer sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig

- **Sondag 14 September: Gemeente Swartkop**
  Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes
  Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree
  Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra
  Oudl Jan Beukes van die Kommissie van die AKV (en broer van ds Dries) sal ook teenwoordig wees

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Augustus, en word geluk gewens:**
  - Donderdag 24 Julie: Ds PJHS (Henk) Pienaar (Bosmansrust)
  - Saterdag 26 Julie: Di A (André) Oberholzer (beroepafwagtend), PJ (Pieter) Steenkamp (Dora Theo Gemeente Kimberley) en LJ (Louis) Steyn (emeritus)
  - Maandag 28 Julie: Prof GMM (Gert) Pelser (emeritus) en prop CL (Nelius) van Niekerk (beroepafwagtend)

- Dinsdag 29 Julie: Ds A (André) Thomas (Oos-Moot)
- Woensdag 30 Julie: Di PWAN (Pieter) Bester (Glencoe) en SJ (Sarel) Oosthuizen (Stilfontein-Wes)
- Donderdag 31 Julie: Dr JH (Jan) Vorster (Olifantsfontein)

'n Gedig oor afskeid

Hoë wintersterftes verklaar

Hierdie tyd van die jaar
kom kouefront op kouefront
sy wavrag bejaardes haal.
Gades wat alreeds daarbo is
stuur koeltrokke vol mikrobes,
want dis alsbehalwe hemels daar:
om so onder klank van engelkore
ewig alleen en koud te slaap.

Hennie Nortjé
(Uit: *In die skadu van soveel bome* 2012. Hierdie debuutbundel van die digter-dokter van Durbanville is bekroon met die Ingrid Jonker-prys en die Eugène Marais-prys)

Beplande vergaderings

- Donderdag 24 Julie: Redaksie van *Die Hervormer*
  ADV Finkom
  Bejaardesorg Bestuurskomitee
- Vrydag 25 Julie: Moderamen
  OSR Finkom
  SP Engelbrecht-museum
- Woensdag 30 Julie: Kinderhuise Dagbestuur
- Donderdag 31 Julie: ADV Dagbestuur
- Vrydag 1 Augustus: Raad van Finansies

Kursusse en toerusting

- **HTK: Gesprek met die Bybel**
  Datum: **Woensdag 6 Augustus** om 19:00 by UP
  Tema: *Seksualiteit*
  Inleier: Prof Yolanda Dreyer
  Almal welkom
  Bevestig asseblief vooraf by mev Betsie Brits by 012 420 5393

- **Simposium oor die lewe en teologie van Rudolf Bultmann**
  Woensdag 20 Augustus 09:00 tot 14:30 by die Sinodale Kerkkantoor
  (Bultmann is op hierdie datum 130 jaar gelede gebore)
  Aangebied deur die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*) en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)
  Kort voordragte deur drr Gert Malan, Piet Boshoff, Gafie van Wyk, Jaco Beyers, proff Andries van Aarde, Ernest van Eck, Natie van Wyk en ds Elritia le Roux
  Die volledige referate sal in die *THT* 2014(3) gepubliseer word
  Die verwerkte voordragte sal in die *HTS* gepubliseer word
  Almal welkom
  Laat weet die organiseerder, prof Natie van Wyk (**aim1@mweb.co.za**) indien u gaan bywoon

Allegaartjie

'n Argeoloog is die beste man wat 'n vrou kan hê: Hoe ouer sy word, hoe meer waardeer hy haar. (Agatha Christie)

Konserte en feeste

- **Vrydag 1 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Musiekaand met Jakkie Louw
  Plek: De Oude Werf
  Tyd: 18:30 vir 19:00
  Kaartjies: R100 per persoon, R50 vir laerskoolkinders
  Navrae: 013 932 2929 / 083 448 9563

- **Saterdag 23 Augustus: Gemeente Noordelike Pretoria word 80**
  Optrede van Liza Brönner
  10:00 in die kerkgebou
  Daarna plaasontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)
  R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en laerskoolkinders (voorskoolkinders gratis)
  12de Laan 512, Gezina, Pretoria
  Bespreek vroegtydig by Marian Jordaan 082 937 7562
  of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148

- **Vrydag 5 September: Gemeente Montana**
  Konsert met Burgerd en Zita
  Ten bate van barmhartigheid in ring van Noordelike Pretoria
  Wegneemetes vanaf 17:00, konsert 18:30
  Volwassenes R80, kinders R30
  Kaartjies beskikbaar by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Rooihuiskraal: 4x4-pretdag vir die hele gesin**
  Saterdag 2 Augustus
  'n Kosstalletjie en springkasteel vir kinders met volwasse toesig terwyl ouers die roete ry
  Inligting en besprekingsvorms by **www.ebs4x4.co.za**

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
  of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30 by 011 826 4625

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
  Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
  Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuis gelewer word
  Inskrywings in veelvoude van R20
  Trekking Saterdag 6 September 2014
  Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714

Basaars en markte

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Oesfees op Ottosdal**
  Vrydagaand: Met **Manie Jackson** en ’n ete op die Oesfeesterrein
  Saterdag: Uitstallers, lekkernye, hope vermaak vir die kinders
  Navrae aan gemeentelike kantoor by 018 571 0200
  of **ottosdal@nhk.co.za**

- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**
  Tema: *Reënboogfees*
  09:00 tot 15:00 op die kerkterrein, hv Tillardstraat en Nelson Mandelaweg
  Snuisterye, handwerkartikels, tuisgebak, plante en troeteldiere te koop
  Speletjies vir die jongspan
  Veiling van onder andere plaaslik vervaardigde houtwerkartikels
  Besoek die restaurant en kosstalletjies – uitsluitlik deur gemeentelede bedryf
  Navrae oor fees aan Kallie en Nelia Landsberg
  079 893 9031 / 083 665 6239
  Nie-kosstalletjies teen R200 elk beskikbaar
  Kontak Magda by 0828251913 of **magda.redelinghuys@gmail.com**

ANDER NUUS

- **Solidariteit Helpende Hand: Ry vir Rustenburg**
  Bikers vat hande om met die situasie in die platinumgordel te help
  Waar: Club Scorpio (*Old Loco*) – oorkant Rovos Rail-stasie
  Wanneer: **Saterdag 26 Julie 09:00 tot 18:00**
  Toegang: Nie-bederfbare kos en R35 (lapwapen ingesluit)
  Musiek: Alexia Vosloo, Isabel Boning, Francois van Rensburg
  Groot pryse is op die spel!
  Navrae aan Anina de Beer 082 696 4066 of Johan Boning 079 877 6166

- **Konferensie: *Die Belydenis en die onderwys***
  Donderdag 31 Julie 17:00 tot 22:00
  By Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
  Ligte ete beskikbaar teen R30
  Bespreek vooraf vir ete by 012 332 4535 /
  kerkkantoor@gkkandelaar.co.za

- **Pretoria Mannekoor: Uitnodiging om lid te word**
  Die Koor bestaan reeds sedert 1995
  Tans onder leiding van Marina Mentz
  Word deel van hierdie opwindende en gesellige groep manstemme
  Oefening elke Donderdagaand van 19:00 tot 21:30 in Faerie Glen
  Behalwe vir gereelde optredes, spog die koor reeds met 4 CD-opnames, deelname aan die Opera Faust (Gounod), ’n optrede by die KKNK in 2013 en gereelde deelnames aan koorfeeste

asook aan Richard Cock se immergewilde *Songs of Praise*
Om te reël vir ’n **oudisie**, skakel Marina Mentz
083 432 8875 / 012 991 1056

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Ek is bly Here, bly, bly, bly.
Die psalms sing van u liefde,
die profete verkondig u liefde.
In u genade is elke dag Kersfees,
Paasfees, Pinksterfees, Hemelvaart.
Here, ek gooi my vreugde soos voëls in die lug op.
’n Nuwe dag, knetterblink,
dawer en kwetter van u liefde.
U maak elke dag.
Halleluja, Here!

(Gebed uit Wes-Afrika)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx